DIE BURGER Praat saam {Blog}

Boekeblok

redaksie

Persoonlike Details

RSS

Argiewe

November 2008 (14)
Oktober 2008 (30)
September 2008 (22)
Augustus 2008 (22)

RESENSIE: Dark Video - A Novel, deur Peter Church

10 Nov 2008
10:55

JACQUES DE WET

Peter Church debuteer met 'n indrukwekkende spanningsroman. Uit die eteriese, ontasbare ryk van die internet, waar geen gesag of etiek heers nie, verrys Dark Video, 'n ondergrondse agentskap wat connoisseur-kopers se wildste fetisjistiese fantasieë op film vaslê. Outentieke dokumentasie van alles van verkragting en marteling tot moord is te koop – teen 'n prys.
Church bespiegel in die verhaal oor hoe onbeperkte kapitaal kan inspeel op die roekeloosheid van begeerte.
Dit is in hierdie matelose wêreld waarin 'n goue seun en uitblinker-student van Kaapstad, Alistair Morgan, betrek word. Hy maak deel uit van 'n groepie studente wat Dark Video van beeldmateriaal voorsien.
Die skone Terri Phillips is die slagoffer van 'n "onskadelike" lae-risikoprojek wanneer sy gaan draf. In 'n woud teen die hange van Tafelberg word sy geblinddoek en kaal uitgetrek, en vrees sy verkragting en dood.
Die video eindig daar, maar dis net die begin van Dark Video se verleidelike wêreld wanneer die studente spoedig honderde duisende dollars meer vir verkragting aangebied word.
Morgan begin vinnig ongemaklik voel met sy makkers se manipulerende geesdrif. Wanneer hy besorg oor, en eindelik verlief op, Terri raak, is dit die begin van 'n string senutergende gevolge van verraad, skuld en moord.
As die eroties-sadistiese drome van anonieme geeste in die kuberruimte vlees word, - bevind Alistair en Terri hul in 'n nagmerrie wat hul lewe bedreig.
Church se verhaal verloop teen 'n netjiese tempo en nie 'n bladsy verveel nie. Dis 'n kampusroman wat die leser met gemak intrek in studente-drinkpartytjies, vinnige voertuie, dwelms en seksspeletjies. Die argetipiese speurder met die geheime skuldlas, die tragiese gat in sy pantsering, word vir 'n herkenbare profiel studente verruil – nie anderkant die goed en kwaad van die tradisionele spanningsverhaal nie, maar te midde van die kompleksiteit van die multimedia-realiteit waarin als moontlik is, min vrae gevra word, baie geld aangebied word.
Om dié rede kan 'n mens Dark Video ook 'n liminale storie noem: die inwyding in 'n - grootmenswêreld van makabere risiko's en geweld, die inkeer ten slot, met die verlies van onskuld.
Meer hiervan, en Church behoort 'n internasionale gehoor te lok.
* JACQUES DE WET IS 'N VRYSKUTRESENSENT VAN STELLENBOSCH.

Kommentaar (0)

Kommentaar

Naam (vul asb. in)

E-pos adres (vul asb. in - sal nie gewys word nie)

Herhaal wat jy hierbo sien

Stuur

online publishers association member